

Skriflesing 2 Timoteus 1: 8 – 10; 2: 8 – 13; 4: 5 – 8, 16 – 18.

Teks 2 Timoteus 4: 7.8b “Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voltooi, ek het die geloof behou. Nou wag die oorwinningskrans van die geregtigheid op my, wat die Here, die regverdige Regter op daardie dag vir my sal gee.”

Tema Christus het my sy dood waaruit Hy opgestaan het vir ons 'n toekoms saam met Hom ontsluit

1. Hierdie is die laaste brief wat ons van Paulus het. Hy skryf dit uit die tronk in Rome met die vaste wete dat sy loopbaan as apostel verby is en dat sy dood naby is. Hy beskryf sy persoonlike omstandighede as dat hy deur die Here as 'n drankoffer uitgegiet word met die verklaring dat sy dood naby is in hoofstuk 4 vers 6.

Omdat die dood vir ons 'n verskrikking is en ons dit net wil vermy, maak ons baie maklik sommer sulke opmerkings by en oor mense wat werklik in die doodstyd ingaan soos: “glo net”, “bid net”, “ruk jouself reg” en “wees positief.” Niemand kon Paulus met sulke vinnige troosopmerkings bemoedig nie. Paulus is nie sommer maar net neerslagtig of kleingelowig oor sy gevangenisskap nie. Hy het reeds voor die Romeinse reg verskyn en die wyse waarop die saak teen hom verloop het, het hom laat besef dat die Romeinse owerheid hom gaan teregstel as 'n anargis. Daarom stel hy in hoofstuk 2: 9 dat hy vir die prediking van die evangelie van Christus as misdadiger in boeie in die tronk is. Volgens die Romeinse owerheid was Paulus 'n misdadiger in sy prediking van Christus, 'n anargis wat die rus en orde van die Romeinse Ryk en die godsdiensorde dat alle gode ewe reg en goed is, bedreig het.

Uit sy lewenswerk in die gemeenskappe van vandag se Palestina- Israel, Turkye en Griekeland het ons 'n duidelike beeld hoe die prediking van Christus Jode sowel as heidene in burgerlike opstand gebring het omdat die geloof in Christus die einde van die Joodse geestelikheid en heidense afgodsdiens beteken het.

Hiervoor is Paulus as anargis gevonnissen en onthoof.

2. Paulus maak vier besondere verklarings oor sy dood:

- dat hy die wedloop voltooi het, en nou as drankoffer uitgegiet word in sy doodsvonnissen. 2 Tim. 4: 6, 7
- dat hy na sy dood 'n toekoms het waarin hy as oorwinnaar gekroon gaan word. 4: 8
- dat hy uit die bek van die leeu geruk is en 4: 17

Christus het my sy dood waaruit Hy opgestaan het vir ons 'n toekoms saam met Hom ontsluit

- dat God Hom uit die beseerde dade van die Romeinse koninkryk sal verlos om deel van Christus se hemelse koninkryk te wees. 4: 18

Die eerste verklaring is eintlik op die oog af teenstrydig. Hy vergelyk sy lewe in diens van die Here as prediker, apostel en leraar van die evangelie van Christus (1: 11) as 'n wedloop wat hy voltooi het, in ons taal 'n naelloop wat hy gewen het. Daarmee stel hy dat hy eintlik die wenstreep as wenner bereik het deurdat hy die opdrag en doel wat God vir hom gegee het, voltooi het.

Voltooi beteken nie dat Paulus afgetree het en die einde van sy loopbaan aanvaar nie. Anders sou dit beteken het dat nadat hy sy dienswerk wat hy van die Here ontvang het om sendeling te wees, voltooi het, hy as wenner van die doodsvonnis van die Romeinse owerheid sou ontvang. 'n Mens sou by Paulus dan eintlik iets van 'n ontnugtering teenoor, 'n geskoktheid in, 'n siniesheid teenoor en 'n verbittering teenoor Jesus Christus verwag het. Is dit hoe Jesus Christus sy dienaars beloon vir 'n voltooide dienswerk – om deur heidene onthoof te word? Is dit die wenprys vir 'n wenner?

3. Paulus noem sy doodsvonnis nie 'n onreg deur God of 'n misdadigheid van die owerheid nie. Hy noem dit die uitgiet van 'n drankoffer deur God. Dit is hoe hy sy onthoofding deur die owerheid beskryf – as 'n daad van God waarin Hy vir God 'n drankoffer is.

In hierdie geloofsbelydenis stel Paulus dat God nie net van sy lewe 'n offer in diens van God gemaak het nie, maar ook van sy dood. Christus gebruik sy dood as die wyse waarop Christus sy doel met Paulus voltooi. In sy dood voltooi die Here sy roeping en diens. Daarom weet hy dat sy grusame dood om onthoof te word, is hoe God sy dienswerk voltooi en nie hoe 'n ongeërgde god mense wat hy opgebruik het, weggooi nie of hoe 'n heerssugtige keiser sy loopbaan in diens van God vernietig nie.

Hoe weet hy dit?

Hy weet dit deur dit wat Jesus Christus met hom doen en stel dit só: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom leef.” 2:11 Die dood wat Paulus as sondaar moes sterf om deur God opgebruik en weggegooi te word, aan mense se sondige heerssugtigheid oorgegee word om van jou en jou lewe niks te maak, dit het Christus vir ons aan die kruis gesterf, en ons so daarby ingesluit dat ons nooit ooit só kan sterf nie. Ons sterf nie om niks gemaak te word nie, maar om saam met Christus die lewe te leef wat Hy tot in die ewigheid leef.

So voltooi Christus ons roeping en diens – deur ons deur die dood heen te vat om met Hom te leef. Voltooiing is nie die afsluiting van 'n loopbaan nie, maar om na jou dienstydd verby is, met die Here saam te leef, Daarom kan Paulus sy dood aanvaar

Christus het my sy dood waaruit Hy opgestaan het vir ons 'n toekoms saam met Hom ontsluit

as die Here se daad van voltooiing en nie as aanvaar as die ontwrigting van sy lewe deur 'n magsdaad van sy vyande nie.

3. Die laaste twee weke kon ons ook na Edwin gekyk het met die vraag in ons hart, is dit hoe God 'n dienaar van Hom laat sterf wat sy lewe aan God gewy het en sy loopbaan in diens aan God vir God voltooi het?

Om deur 'n bakterie vernietig te word en nie ons gebede te antwoord dat die Here hom van so 'n grusame dood moet spaar en vir ons behoue laat bly in hoe kosbaar hy vir ons en God se diens is nie? Om soos Paulus onthoof te word vir die loopbaan as sendeling vir God?

In hierdie vertwyfeling sien ons die dood as die mag wat Edwin se dienswerk vernietig het sodat hy eintlik ook maar net 'n opgebruikte en afgesloofde mens is wat tot niks gekom het nie.

Maar dan sien ons niks van die lewe wat Edwin geleef het nie. Want Edwin het geleef in die geloof tot in sy einde dat hy een is met Christus se lyding en opstanding. Edwin het geleef in die krag en vrede dat hy as sondaar met Christus aan die kruis gesterf het, sodat hy nooit 'n dood kan sterf waarin hy nie saam met Christus leef nie. In die dood waarmee Edwin gesterf het, leef hy vandag en sal hy vir ewig saam met Christus leef.

Dit is hoe ons Edwin op sy sterfbed moes raaksien. Die Here voltooi sy roeping en diens sodat hy saam met Christus kan leef. Sien ons die Here só besig met Edwin, staan ons nie meer magteloos en verslae en geskok voor sy dood nie, maar met die stille aanvaarding – sy dood is 'n drankoffer, 'n lewe van diens afgesluit en voltooi as dienaar van God om met Hom te leef.

4. Die dood roof nie jou wenprys as oorwinnaar nie!

Dit stel Paulus dat hy die wenprys vir die lewe wat hy geleef het, van God self sal ontvang in die woorde: die oorwinningskrans van geregtigheid wag op my op daardie dag wat die regverdige regter, Jesus Christus dit vir my sal gee!

Wat is die wenprys vir 'n lewe saam met God? “Die geregtigheid wat die regverdige Regter vir my sal gee!”

'n Mens sou heeltemal iets anders verwag het as wenprys om die grootste sendeling die die Here te wees, wie se werk die kerk van die Here vir alle eeue op aarde gevestig het! Hy moes ten minste die eer, dank en erkenning vir hierdie dienswerk ontvang het deur al die gemeentes wat hy gestig het en al die predikante wat saam met hom gewerk het.

Christus het my sy dood waaruit Hy opgestaan het vir ons 'n toekoms saam met Hom ontsluit

Van die owerheid sou 'n mens verwag het dat hulle moes raaksien wat Paulus oor hulle leer, al aanbid hulle totaal ander gode as hy. In sy brief aan die gemeente in Rome, die stad waarin hy onthoof is, skryf hy aan hulle oor 'n keiser soos Nero wat hulle sou slag en brand vir sy vermaak: 1. dat sy gesag van God afkomstig is; deur God ingestel is, 'n dienskneg van God is en as gewetensaak gehoorsaam moet word deur belasting en tolgeld te betaal en met eerbied behandel moet word. (Rom. 13)

Paulus het vir sy lewe met God geen bystand of erkenning gekry in sy doodsstryd en waarskynlik ook sy doodsoomblik nie. Daarom stel hy dat “tydens my eerste verdediging het niemand my bygestaan nie; intendeel almal het my in die steek gelaat.” Minagting deur die openbare goddelose gemeenskap en geen ondersteuning uit kerklike geleedere nie.

5. Geen erkenning vir 'n loopbaan van diens en gehoorsaamheid nie!

Ten spyte hiervan, en juis hierteenoor verklaar Paulus dat hy die wenprys sal ontvang van geregtigheid van die Here Jesus as regverdige Regter. Die wenprys is om van Christus geregtigheid te ontvang!

Wanneer ontvang jy hierdie geregtigheid?

Paulus het hierdie wenprys ontvang die dag toe hy tot geloof in Christus gekom het en het sy hele lewe lank met hierdie wenprys saamgeleef. Hy verklaar dit in 1: 9 “wat ons verlos het en geroep het met 'n heilige roeping – nie op grond van ons daade nie, maar op grond van sy eie besluit en genade, wat reeds van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk is.”

Die gawe is dat Christus jou lewe met God vir God reg laat wees en heilig laat wees deur jou te laat deel in wie Jesus Christus as mens in jou plek vir jou is. Die wenprys is dat God jou lewe met al sy oortredings en foute vir Hom reg en heilig laat wees deur Christus, nie deur jou goeie daade nie. Dit is die bekennis van die sin: “ons leef saam met Christus.” En hierdie is die geskenk waarin en waarmee ons vir ewig saam met Christus leef. Ons leef met die wenprys. Ons kry nie die wenprys as beloning vir 'n goeie lewe met goeie daade aan die einde van ons lewe nie.

Die oorwinningskrans met die wederkoms van Christus is net waar God dit vir die hele skepping gaan bekendmaak dat hulle wie met hierdie geskenk geleef het, is hulle wat as sy kinders vir Hom reg en heilig is en ewig met Hom sal leef. Soos 'n medaljeoorhandiging hom wat die hele wedloop van begin tot einde gewen het, erkenning gee. Daarom leef elke Christen in 'n erkenning vir sy liefde en lewe met God wat elke oomblik gegee en bevestig word deur die Here self: die liefde en lewe wat ek vir die leef, is vir God goed en reg en heilig.

Christus het my sy dood waaruit Hy opgestaan het vir ons 'n toekoms saam met Hom ontsluit

Wie met hierdie erkenning sy hele lewe lank saamleef, leef met die wenprys en soek nie medaljes, eredoktersgrade, titels, openbare erkenning en waardering of geld as oorwinnaarskroon nie.

6. Edwin het met die wenprys geleef dat hy en sy lewe vir God reg, goed en heilig is!

Hy het die geloof dat Hy in en deur Christus vir God reg en heilig is, nie deur sy eie dade en vroomheid nie, as Rooms Katolieke jongman in die NG Kerk tydens sy dienspligjare raakgesien en voor gekies toe hy en Alta besluit het om te trou.

Hy is in hierdie geloof onderrig in Universiteitsoord gemeente. In Levubu het hy vir hierdie geloof ingestaan as ouderling, kategeet en as persoon wat my gehelp het om juis hierdie geloof vir die kinders as kategese-leerplan te ontwikkel: ons leef met die wenprys dat elke deel van ons lewe vir God is vir God goed, reg en heilig. Ons leef in die erkenning van God die Vader dat ons is en leef as sy geliefde kinders.

Hierdie geloof was vir Edwin so kosbaar dat hy gereeld met my kom gesels het dat ek nog duideliker, nog eenvoudiger, nog meer bevatliker hierdie boodskap moet preek, omdat dit so kosbaar is en vir kinders toeganklik moet wees.

Vir hierdie geloof het hy ingestaan en standpunt ingeneem in die Ring as jarelange Ringsafgevaardigde van die gemeente en ook in die Sinode en Algemene Sinode as afgevaardigde van die gemeente en sinode.

U as familie moet hierdie waarde wat Edwin gevind het in 'n lewe met God in die erkenning van God as geliefde kind raaksien. Edwin het nie medaljes, titels, eredoktersgrade, erkenning van openbare instellings of geld gesoek vir sy lewe, sy diens en toewyding nie. Dit was nie 'n swakheid nie. Dit is juis 'n getuigenis dat hy vervuld was in sy diens en lewe met God.

Ek glo nie een van ons sal of kan werklik erken watter insette en bydraes hy gemaak in sy diens en lewe nie, net doodeenvoudig omdat hy dit nie vir erkenning gedoen het nie. Hy het dit gedoen want dit was sy roeping, sy diens en sy lewe met God gewees, en sy erkenning was dat hy weet dit is vir God reg, goed en heilig.

7. In die doodstyd en doodsoomblik in met 'n toekoms!

Paulus maak nog twee baie vreemde opmerkings oor sy verwagte dood in 2 Tim. 4: 17 en 18. Hy stel dat hy uit die bek van die leeu geruk is tydens sy eerste verhoor en dat God hom van elke bose daad in hierdie wêreld sal red.

Op die oog af mag dit ly asof Paulus hier nou skielik weer die hoop kry dat hy die regstryd gaan wen en vrygelaat word. Dit is egter nie waar nie. Hy maak hierdie verklaring juis in die wete dat hy dood gemaak gaan word. Hy maak hierdie

Christus het my sy dood waaruit Hy opgestaan het vir ons 'n toekoms saam met Hom ontsluit

verklaring as mens wat sy dood aanvaar en nie as mens wat uit die doodsoomblik gered gaan word nie.

Die uitdrukkings “bek van die leeu” en “gered van bose dade” verwys na menslike mag om mense se toekoms van hulle weg te neem. Paulus se geloofsverklaring beteken dat juis in en deur die dood het hy 'n toekoms met die Here Jesus. Mense kan nie deur jou dood te maak nie, of die dood self kan jou nie hierdie toekoms ontnem nie.

Dit is hoe Paulus Christus sy hele lewe lank geken en verkondig het: die Here wat in en deur die dood heen vir ons 'n toekom saam met Hom as Here geskep het.

Daarom stel hy aan Timoteus: “Onthou altyd dat Jesus Christus uit die nageslag van Dawid, opgewek is uit die dood volgens my evangelie. (2 Tim. 2: 8)

Christus is as mens gebore, het as mens geleef en gesterf en is weer as mens van liggaam, vleis en bloed, siel en gees, uit die dood opgewek om vir ewig mens te wees. Dit is hoe Christus Paulus en ons verlos: Hy gee aan ons die heerlikheid om in die toekoms weer mens te wees saam met die Here. (2 Tim. 2:10)

8. Paulus se sekerheid oor hierdie toekoms in en deur die dood heen, stel hy in die sin: “as ons ontrou is, Hy bly getrou, want Homself nie verloën nie.” Die Here kan nie ontrou wees in sy belofte dat Hy ons vir ewig met Hom saam sal laat leef nie. Self verloën in hierdie sin beteken dat die Here nie uit die dood opgestaan het om ons in die dood agter te los en Hy alleen sonder ons kan leef nie.

Sy getrouheid as Here is om ons in te sluit en te laat deel in die lewe wat Hy geskep het deur uit die dood uit op te staan. Hierdie getrouheid van die Here het Paulus sy hele lewe lank geken. Daarom kan hy verklaar dat wanneer ons in ons geloof en liefde teenoor die Here ontrou is, bly Hy as Here getrou aan Homself om ons Here te wees.

Omdat dit is hoe die Here ons hele lewe lank Here met ons is, om getrou te wees in sy liefde, goedheid, genade en barmhartigheid ook wanneer ons nie getrou aan Hom is nie, weet ons Hy sal getrou bly aan sy onderneming om ons in en deur die dood 'n toekoms met Hom te gee. Hy sal ons weer as mens, opwek om mense van vlees en bloed, liggaam en siel te wees, net soos Hy uit die dood opgewek is.

Dit moet u as familie en vriende ook vandag met Edwin deel. Die Here het vir hom in en deur sy dood 'n toekoms met die Here geskep waarin ons ook deel – om saam weer met die Here te leef as mense van vlees en bloed, liggaam en siel.

Geen menslike instelling, mag of selfs die krag van die dood, kan ons hierdie toekoms ontnem nie. Want die Here kan nie ontrou wees en self uit die dood

Christus het my sy dood waaruit Hy opgestaan het vir ons 'n toekoms saam met Hom ontsluit

opstaan, maar ons in die dood sonder 'n toekoms los nie, al was ons baie keer ontrou aan Hom.

9. Die dood van Edwin het u as familie diep ontwig. Daar is geen groter menslike ontwigting as wat in hierdie laaste drie weke met u gebeur het nie.

Vir Alta sal Edwin altyd haar geliefde man bly, al is hy nie meer saam met haar nie. Net so, sal Edwin vir Annelize en Henry en Driekie hul geliefde pa bly, in sy afwesigheid en vir Tinus, Edwin en Johanita hul geliefde oupa wat nie meer saam met hulle is nie.

In hierdie ontwigting van wie hy vir ons bly terwyl hy self nie meer met ons is nie, lê al ons verlies, magteloosheid, verwarring en eensaamheid.

In hierdie ontwigting voel niks voltooi nie want

- ons voel daar is soveel woorde, gevoelens, reëlins wat nie afgesluit of gefinaliseer is nie.
- Voel ons alles wie hy is, is iets van die verlede, want ons kan hom nog net met herinnering teenwoordig maak.
- Voel ons asof ons hom nou moet agter los in die graf en die dood omdat hy nie meer leef nie, en ons met die lewe moet voortgaan.
- Voel ons magteloos want ons kon nie regtig met hom wees en vir hom iets doen nie, ons moes buitestanders wees terwyl hy sterf.
- Voel ons dat alles wie en wat hy was niksseggend gaan word omdat mense net nie sal weet of onthou wat hy gedoen het nie.

10. In hierdie ontwigting moet u die troos hoor dat die Here nie teenoor Edwin ontrou kan wees deur nie vir Hom Here kan of wil wees nie.

Edwin se dood was nie iets wat alles onvoltooid gelaat het nie, Sy dood was die Here wat Hom as drankoffer uitgegiet het en sy lewe van diens en liefde voltooi het.

Edwin het geleef in die erkenning van God dat hy sy kind is, en dit was sy wenprys waarin hy geleef en gesterf het, en wat vir God altyd behoue sal bly in sy lewe met God.

Edwin is bestem vir 'n toekoms wat ons met hom sal deel, en alles wie en wat hy saam met die Here en ons was, is ingesluit in sy toekoms. Niks van wie hy was bly agter in die verlede of 'n graf nie.

Die Here is getrou aan Edwin om sy en ook ons Here te wees! Kom ons neem dan só afskeid sonder dat hy ons agter los of ons hom agter los! Kom ons neem afskeid

Christus het my sy dood waaruit Hy opgestaan het vir ons 'n toekoms saam met Hom ontsluit

met al ons rou, hartseer, verwarring en eensaamheid in die vaste wete dat ons 'n toekoms het

Ons lewe wat ons saam met die Here nou leef en vir ewig sal leef omdat ons ingesluit is die dood waaruit die Here opgewek is.